**Boodskap vir Sondag 23 Augustus 2020**

Gegroet vanuit die pastorie

*Juig tot eer van die Here, almal op aarde! Dien die Here met blydskap! Kom voor Hom met gejubel! Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak en ons is Syne, ons is sy volk, sy eie kudde. Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam, want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag*. Dit kry ons in Ps. 100 en daarmee groet ons mekaar.

Daar is ’n lewensgesindheid wat ewenwel baie waardevol is wat oop en bloot in die Bybel gesig wys, maar min raakgevat word. Dit is ’n gesindheid wat baie positiewe vrug dra. Veel klem word geplaas op uitinge van geloof, hoop en liefde, maar hierdie agter-die-masker gesindheid groepeer al drie die dinge in een bondel saam. Nog meer treffend is dat hierdie saamgevatte gesindheid die pad vorentoe betaal. Hierdie gesindheid is ook ’n roete na ’n bestemming en nie ’n stasie langs die pad van jou lewe nie. Dit moet eerder be-prentjie word as ’n megafoon waarmee jy vorentoe jou lewe suksesvol oop spreek. So by so ervaar diegene wat hierdie gesindheid bemeester veel vreugde in hulle eie lewe.

Dikwels word gesê dat kinders geleer moet word om dankie te sê as hulle iets ontvang en dit uit ordentlikheid. Enige kindersielkundige weet waarskynlik dat die meerderheid kinders dankbaarheid toon as hulle iets ontvang, maar ook dat om dankie te sê nie noodwendig ’n teken van dankbaarheid is nie. Dikwels is dit by die halfpadmerk tussen kind en volwassene waar eerder oorgeslaan word na om verpligte dankies te uiter wat nie altyd gevul is met dankbaarheid nie. Dit is juis in die aspek dat die gebondelde gesindheid wat so versteek is, geopenbaar word as waardering. Die

krag van waardering is 'n emosionele kragveld wat altyd goeie vrugte dra. Waardering beteken die raaksien en verklaring van die goeie kwaliteite oor iemand of iets.

'n Erge waarheid is dat ons baie keer eers waardering betoon aan iemand of iets nadat ons dit verloor het. Ek het die konsep van waardering bietjie getoets in my eie omgaan met geliefdes en vriende en ander, asook teenoor die Here. Ek hoop meeste mense se vlak van waardering is groter as myne, want myne kry net 'n vier uit tien. Dit is duidelik een van daardie swakker punte in my lewe wat ek moet kies om aan aandag te gee. Wat ek ook gesien het, was dat ek wel veel raaksien wat ek waardeer, maar dis net sulke flitsgedagtes asof dit nie belangrik genoeg is om dit te verkondig nie.

Soos met alles wat iets van mens vra, is daar veel meer daaragter as die oppervlakkige. Ek het ook agtergekom ek makliker waardering toon aan my hond as aan my gesin en dit klink verskriklik, maar terselfdertyd besef ek dat ek meer waardering vir my gesin het as vir my hond – dit gaan net oor die wys daarvan. Wat maak dat mens waardering inhou en nie loslaat nie? Hoekom waardering makliker loslaat oor troeteldiere as oor mense? Dit gaan onder andere daaroor dat waardering te make het met die byvoeging van waarde tot iets wat reeds goed is. Ons aanvaar baie keer die goeie dinge asof dit natuurlik deel van die lewe is en dit verlei ons om nie waardering te uiter oor die mense en dinge in ons onmiddellike omgewing nie - ons dink die goeie is reeds gevestig en het geen verdere versterking nodig nie. Sodoende mis ons om die bergspits van ons lewe te bereik – ons het gaan oorstaan by 'n halfwegstasie.

Troeteldiere reageer ook baie aktief en positief op ons waardering. Onder mekaar by mense is dit dikwels anders. Al kry ons waardering, reageer ons soms

soms glad nie daarop nie, of ons reageer met ’n negatiewe en afbrekende respons oor onsself. Mense wys dalk baie waardering vir hul hond omdat dié dadelik uitbundig daarop reageer, maar is versigtig met waardering teenoor ’n medemens uit fyngevoeligheid vir die respons. Waardering is nooit ’n eensydige bedryf nie – dit vra altyd twee partye. Ons moet dus leer om waardering te betoon, maar ook om dit met grasie te aanvaar. Om waardering wat aangebied word in negatiewe terme te ontvang is net so sleg as om nie waardering te betoon nie. Waardering wat weggewys word, is soos ’n present wat nie aanvaar word nie – dis ’n dubbele slag en ’n verlies vir beide partye.

’n Blokkerende aspek wat deel vorm teen die kragveld van waardering, is negatiewe selfagting. As mens jouself nie ag nie, dan sal jy ook sukkel om opregte waardering te gee en te aanvaar. Regte selfagting is egte self-waardering en die gronde daarvan is dat jy nie net ’n kind van God is nie, maar ook deur God begeesterd is – jy is waardering werd en het waardering in jou om te gee want dit is goddelik. Jy kan nie iemand anders wees nie en daar is niemand anders soos jy nie. Jy is uniek. Almal van ons kan beter word en gesonde selfagting neem dit in berekening t.o.v. jouself en ook jou medemens. Kyk ’n slag in die spieël en sien jouself as genoegsaam en ontwikkelende met jou eiesoortige waarde en dank en eer die Here daarvoor. Selfagting vind en vestig ook daarin dat mens ander mense aanvaar soos hulle is sonder jaloesie en naywer. Die bedryf van waardering begin by waardering van jouself.

’n Ander faset van waardering is te vinde in ons omgang met die skepping. Om God se skepping te waardeer sal beteken ons die verantwoordelikheid as rentmeesters daarvan aanvaar. Waardering kan eenvoudig nie die misbruik van die skepping stilweg

aanvaar nie. Dit gaan om meer as om Namakwaland in die lente te waardeer. Dit gaan ook oor hoe ons ons afval bestuur, ons grond benut, hoe ons boer of tuinmaak. ’n Mens moet as ’n lewensgesindheid die skepping waardeer en daarom soos met alles waarvoor ons waardering het, moet ons die hele skepping vertroetel. Waardering en vernietiging is die teenpole van mekaar.

’n Filosoof het eenmaal gestel dat as die mens sal aanvaar dat God se Gees orals in alles bewustelik is, ons veel minder skade sou aanrig aan die natuur, maar hy sê ook hy is nie heeltemal seker daarvan nie, want mense aanvaar tog dikwels dat God se Gees in elke mens is en kyk hoe maak ons met mekaar – selfs oorlog. Veel eerder as om die filosoof se mismoedigheid te aanvaar, kan ons die spitspunt van waardering plaas waar dit hoort: Waardering vir ons Skepper. Ons Skepper is ’n God wat elke haar op ons kop tel en ons name in sy handpalm skryf, wat ’n verbond met ons aangegaan het en ons krag en wysheid is. Sonder God was ons niks nie, maar met God is ons tot alles in staat om sy koninkryk te bou. God is ons waardering oomblik per oomblik werd omdat nie net die nou van belang is nie, maar die ewigheid ook. As jy regtig waarderend wil lewe en die bergspits van jou lewe wil bereik, lewe eenvoudig die Groot Gebod uit: Waardeer jou Skepper met lofsange met alles wat jy is en waardeer jou medemens duidelik in woord en daad soos jy jouself ook waardeer. Dus geld die goue reël: Gee aan ander wat jy self wil hê.

In Romeine hoofstuk 1 vers 20ev word gestel dat ál weet mense van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie en deur die gebrek aan sulke uitinge hulle in die duister bly. Kortom – waardering belig en die weerhouding daarvan verduister. Die gevolgtrekking is dat ons baie goeie vrugte mis as ons waardering onderdruk. En baie vrugte is wat ons moet dra, aldus Johannes hoofstuk 15.

Die gee en ontvang van waardering verdryf die drif na verdraaide opvattings, terwyl die weerhouding van waardering ons ooplaat om ingesuig te word deur vele afbrekende dade. Waardering is soos ’n antibiotikum teen verkeerdhede. Waar waardering onderdruk word, het ons min immuniteit teen die duistere dinge van die lewe soos hooghartigheid, aanmatigheid, verwaandheid e.d.m. Mens kan nie waardering aan iemand betoon en daarna oor die persoon slegpraat of skinder nie – altans nie as jou waardering opreg is nie.

En die samevatting kry ons in Johannes 15:11-12 waar Jesus stel dat waardering sy blydskap in ons losmaak en dit die basis en getuienis is dat ons die opdrag van God uitvoer om mekaar lief te hê soos God ons lief het. Daarvoor is ons uitverkies, is ons hier op aarde om hierdie soort van vrugte van waardering te dra. Dit sê Jesus is vrugte wat hou en liefde vestig. En soos met liefde, kan waardering gewys en ontvang word sonder woorde in liggaamstaal of ’n bos blomme of ’n drukkie of ’n kuiertjie - daar is byna oneindige maniere van waardering betoon want waardering wys ons geloof, hoop en liefde!

Die genade en vrede van God ons Vader en die Here Jesus Christus is met julle soos julle waardering uitleef!

Amen!

Ds. Jan